Dertig in 1920

EKSKLUSIEF

REGSOM, VAN LINKS ONDER: Nicola Breytenbach (in haar tweede partytjierok); by haar verloofde, Ben Steiner op die dansvloer; saam met Minki Visser, wat haar blonde hare laat groei; Minki en manlief Constant Visser; Michelle McLean en die grimeerkunstenaar Kevin Epstein.



DIE GROOT DRIE-NUL!

NICOLA BREYTENBACH het onlangs haar dertigste verjaardag saam met 120 gaste in 'n villa van R30 miljoen in Bantrybaai, Kaapstad, gevier. Die makietie se tema was die 1920's en die gaste, onder wie haar vriendinne **MINKI VISSER** en **MICHELLE McLEAN**, was in antieksjiek klere uitgevat. Die bekende model het 'n egte antieke slooprok vir die geleentheid gekoop. "Ek wou nie eintlik my twintigs groet nie," sê Nicola. "Maar dis gaaf om dertig te wees. Ek sal nie verander nie. Hoe ouer ek word, hoe jonger voel ek. Die partytjie het dan tot sesuur die volgende oggend aangehou!" Nicola en haar verloofde, **BEN STEINER**, trou in Junie in St. Tropez aan die Franse Riviera. - JARED OSLIN